# DARE TO BELIEVE

**Week 1: Gaan jy bly glo tsv wat mense van jou dink en van jou verwag?**

Met ons nuwe reeks gaan ons na die **storie van Dawid** kyk – *the story of how an ordinary boy were used by an extra-ordinary God*. En daaruit probeer leer:

Dawid word uitgedaag om te bly glo al gee niemand hom 'n kans nie,
al moes hy alleen teen 'n reus baklei,
al wou die koning hom doodmaak en hy moes vlug vir sy lewe
en al verloor hy amper al sy geloofwaardigheid met 'n ander man se vrou
en ervaar hy die hartseer en pyn as sy opstandige seun sterf...

Begin die selgroep eers met iemand wat **Psalm 23 as gebed** lees. *Laat almal eers stil word en afskakel, gee so 'n minuut of wat daarvoor en lees dan die Psalm.*

## Connect met mekaar:

Zoom-chat is altyd moeilik om vir iemand te vra hoe dit gaan, omdat dit 'n baaaaie laaaang gesprek kan word. Maar dit is nodig om vir elkeen kans te gee om te kan sê hoe dit gaan.

Gesels vir 'n paar minute oor die vraag: **Watter dares/challenges het jy al gedoen?** Vertel vir mekaar van julle eskapades😊

## Luister na Woord: Lees 1 Samuel 16:1-13

Die vraag wat ons vir 5 weke gaan vra: **Wat as daar 'n dare/challenge/uitdaging is wat jou lewe permanent kan verander?** Want dit is wat met Dawid gebeur in hierdie verhaal.

- Hoekom is dit vir ons so belangrik **wat mense van ons dink**?

  Wat dink jy is die gevaar daarvan?

  *Ons probeer mense please...*
  *Ons dink mense gaan meer van ons hou as ons die "regte" goed sê of doen... en dit is vrek gevaarlik*

Dawid se pa en broers het nie gedink dat hy goed genoeg is om by die maaltyd, offer te wees nie. En steeds weet die Here wie Dawid was en kies Hy vir Dawid vir hierdie rol – **v 1b**. (*Dit is interresant om te sien dat Dawid nie eers ge-reinig hoef te word toe hy by die offer seremonie/erediens kom nie – Hy was klaar reg, want sy hart is reg...)*

Moenie jou sekuriteit en hoop op mense se opinies neersit nie.

- Hoekom is dit vir ons belangrik **om na die uiterlike te kyk**? *Hoe doen Samuel dit in **v 6**?*

  *Dit gebeur op baie vlakke – voorkoms – hoe iemand lyk;*
  *gawes – wat iemand kan;*
  *goed – wat iemand het...*

  Wat dink jy is die gevaar daarvan?

  *Ons bou ons lewens, sekuriteit op goed wat nie werklik sekuriteit kan gee nie. Mense kan ons ook maklik om die bos lei deur voor te gee om iemand te wees wie hulle nie is nie.*

  Hoe doen jy dit?

**Die belangrike korreksie** hierop is **1 Samuel 16:7** – Lees dit 2 x hardop

Dit wat in ons harte/ons innerlike/karakter/gees is, is vir God baie belangriker God sien ons harte raak! Hy weet wie ons werklik is, ons kan nie voorgee ons is iemand wie ons nie is nie – Hy weet presies.

**Dit kan scary wees** – as ek die heeltyd voorgee leef en mense probeer beindruk
**Of bevrydend** omdat die Here my bedoelings ken en weet ek is opreg.

Watter een is jy?

Dit was hoekom die Here Saul as koning verwerp het. Hy wou sy eie kop volg en was nie 100% gehoorsaam aan die Here nie. **Ons compromise soms met klein goedjies** – 'n wit leuentjie, 'n halwe waarheid, verkeerde gedagte, wil nie vergewe nie, gee voor, begeer ander se goed, ens.

As ons nie met hierdie klein goedjies deal nie, kan God ons nie voluit gebruik nie! En mis ons uit...

**Die vraag is**: Gaan ek my eie kop volg, my eie ding doen – of gaan ek my hart op 'n ander plek neersit... *tsv ander mense se opinies*?

In **Psalm 16** sê Dawid hoe hy dit verstaan: Lees die Psalm hardop. Gee vir elkeen dan tyd om die Psalm op hulle eie weer in stilte deur te lees en **gee dan kans vir gebed**.

Hier is **7 Psalms** van Dawid **wat jy deur die loop van die week kan lees en bid.**
Vir hierdie week: Psalm 23, Psalm 16, Psalm 8, Psalm 14,
Psalm 24, Psalm 29, Psalm 31

***Dare to Believe***

*(Bestel julle sleutelhouers op die gemeente se webblad)*